# 17 Februarie 2024 - Lesing 240 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Amos 3:7*** *Want My Meester JaHWeH* ***doen niks*** *tensy Hy die besluit van Sy Raad aan Sy knegte, die Profete, geopenbaar het nie.*

***Johannes 14:18*** *Ek sal julle nie as wese agterlaat nie;* ***Ek kom weer na julle toe****.*

***Johannes 16:13*** *Maar wanneer Sy gekom het, die Gees van die Waarheid, sal Sy julle in die hele Waarheid lei; want Sy sal nie uit Haarself spreek nie, maar alles wat Sy hoor, sal Sy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.*

*Joh 16:14* ***Sy sal My vereer****, omdat Sy dit sal neem uit* ***wat aan My behoort****, en aan julle verkondig.*

***Johannes 16:25*** *Hierdie dinge het Ek deur gelykenisse tot julle gespreek, maar daar kom 'n uur wanneer Ek* ***nie meer deur gelykenisse tot julle sal spreek nie, maar julle openlik van die VADER sal vertel.***

***Johannes 21:25*** *En daar is nog baie ander dinge wat JaHWèshua alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld (wêreldmense) self, dink ek, die geskrewe boekrolle nie bevat (begryp) nie.*

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

## Is die Bybel afgesluit? – 3/12/61

**NO: 8054** Hoe verkeerd is dit van julle om aan te neem dat met die Skrif, (die boek van die vaders), My Woord afgesluit is. - dat Ek Self ‘n grens gestel het in soverre, **dat Ek Myself nie meer sal openbaar en tot die mense sal spreek nie**. Wie gee julle die reg tot so ‘n veronderstelling? **Wie kan My teëhou** wanneer Ek as Vader steeds weer tot My kinders spreek? Wie gee julle die reg om die bewering aan te voer **dat die Bybel alleen voldoende is** en dat julle mense vêrder geen woord meer nodig het nie?

Julle wat elke nuwe openbaring afwys, bevind julleself nog **in diepe geestelike duisternis** en in hierdie donkerheid van gees sal julle ook nie die Bybel verstaan nie en is dit vir julle dus ook nog ‘n **geslote boek**.

Want julle verstaan nie die geestelike sin van die letters nie, anders sou julle in die Boek ook die **aanwysings na My voortdurende openbaringe gevind het** en dan sou die werksaamheid van My Gees ook vir julle begryplik gewees het. Maar solank julle nog ‘n onontwaakte gees het, solank sal julle ook nie die betekenis van die woorde begryp wat Ek Self, toe Ek op die aarde was, tot My dissipels gespreek het nie.

Hoe arm sou julle mense nie gewees het as julle julleself sou moes tevrede stel met een Boek, **waarvan julle self nie meer kan bewys dat die inhoud onveranderd is nie**. As julle nie steeds weer **die suiwer waarheid van bo** gegee sou word nie, welke maatstaaf kon julle gebruk om te bepaat of julle wandel in die waarheid?

Julle wat slegs die boek van die vaders laat geld, julle het self nog nie deurgedring in die woord nie. Julle het dit slegs met julle **verstand** gelees, maar nie die gees in julle laat spreek nie, Wie julle onderrig oor die betekenis van die Woord en opheldering gee. Julle **hang nog steeds aan die dooie letter** en verstaan die geestelike betekenis nie.

En as Ek julle Self in die waarheid wil lei, **dan verloën julle My werksaamheid en verdink My dienare van omgang met My teenstander.** Julle ontken dat Ek die Wil en die Mag het om tot diegene te spreek wie hulleself in volle geloof vir My hulle dienste aanbied en daarom **ook bekwaam is om My stem in hulleself te verneem.**

Julle hou koppig vas aan julle mening **dat My woord met die Skrif afgesluit is,** wat julle dan as die enigste boek aanvaar waardeur Ek My geopenbaar het. En dit is tot julle skade, **want deur julle afwysing van My woord van bo bewys julle maar net dat julle dooie Christene is.**

Want ‘n lewende Christendom is een wat **besig is in die liefde** en dan sou dit ook die verligting van gees by julle bewerkstellig het. En julle sou dus ook die woorde in die Bybel verstaan, ook die belofte wat Ek julle Self gegee het, **naamlik dat Ek Myself sal openbaar aan hulle wat My gebooie onderhou**, dus ook begrip sou hê vir My besondere hulp in tye van geestelike nood. Julle sou dan ook die woorde in die Bybel begryp het, die beloftes wat Ekself aan julle gegee het en daarop gewys het dat Ek Myself sal openbaar aan diegene wat My gebooie onderhou.

Hoe wil julle dan My belofte verklaar as julle elke nuwe openbaring verloën? Wil julle My ontken **wanneer Ek aan julle My Trooster beloof**, Wie julle sal lei in alle waarheid? Hoe verstaan julle hierdie woorde wat ook vervul moes gewees het, omdat elke belofte wat Ek die mense gegee het ten tye van My lewe op aarde, vervul moet word.

En waarom wil julle nie glo nie? Omdat julle **geestelik arrogant** is, en dit julle ontbreek aan innerlike lewendigheid en ‘n ontwaakte gees. En daarom dink julle om My werke te kan bepaal en te kan begrens soos wat julle dit skik.

Maar julle vergis julleself. En as julle dink dat julle deur studie die bevoegdheid gekry het tot die afwys van My woord van bo, dan is julle gees aanmatigend en kan in geen geval self ‘n openbaring van My ontvang nie. Want slegs aan die ootmoedige skenk Ek My genade en hierdie nederigheid ontbreek by julle.

En juis daarom leef julle ook nog in geestelike duisternis en julle sal dit nie kan deurbreek nie, want julle ontwyk die lig wat aan julle insig kon skenk, indien julle ‘n verlange sou gehad het om in die lig se skynsel te tree.

Nooit sal My Liefde vir My skepsele ophou nie en daarom sal Ek ook nooit versuim om julle mense aan te spreek wanneer die voorwaardes daarvoor aanwesig is nie. Steeds sal My Woord weerklink vir diegene wat van goeie wil is en **tot wie Ek as ‘n Vader tot Sy kinders kan spreek** omdat hulle lewendig in My glo. Aan hulle sal Ek My ook te kenne gee en hulle sal ook My stem herken. Want by hulle kan Ek teenwoordig wees, Myself aan hulle openbaar, soos wat Ek dit beloof het. Amein.